Zuma gaan protesbriewe nou in ontvangs neem

Hilda Fourie

Pres. Jacob Zuma sal Dinsdag self Suid-Afrika se protesbriewe oor misdaad in ontvangs neem.

Mnr. Dirk Hermann, adjunkhoof van Solidariteit, het gister gesê Zuma het aan hom bevestig dat hy dié briewe, wat in die tussentyd tot 55 000 toegeneem het, self by Tuynhuys in Kaapstad sal ontvang.

Solidariteit het dié veldtog van stapel laat stuur waarmee Suid-Afrikaners Zuma in protesbriewe vra om misdaad sy eerste prioriteit te maak.

Dit was om protes aan te teken teen die min tyd wat misdaad in die president se staatsrede gekry het.

Zuma se kantoor het drie weke gelede geweier om die sowat 23 000 briewe te ontvang wat binne twee dae bymekaar gemaak is.

Daarna het Solidariteit 'n video "met die stories van mense wat die president nie wou hoor nie" bekend gestel.

Hermann het gesê Solidariteit hoop om teen Dinsdag 100 000 briewe aan Zuma te oorhandig.

"Die mense was uiters teleurgesteld daaroor dat die presidensie nie die briewe wou aanvaar nie.

"Hulle het gevoel dit is 'n klap in hul gesig.

"Dit het mense egter meer vasberade gemaak om hul boodskap oor te dra," het Hermann gesê.

Mense wat nog briewe wil skryf, kan dit doen by www.geagtebriewe.co.za of deur die woord "misdaad" te SMS na 35960. 'n SMS kos R3.

Mnr. Vincent Magwenya, Zuma se woordvoerder, het bevestig dat die president die briewe in ontvangs sal neem.